National Antiques & Decorative Arts Faire

Dié skou vind van 23 tot 25 Julie by die Sandton-konvensiesentrum plaas waar oudhede gesien en gekoop kan word. Die deure is elke dag tussen 10:00 en 18:00 oop en toegang is R60 per persoon.

Die hoogtepunt van die skou is die openingsaand wat op 22 Julie plaasvind waar die wie's wie van die versamelwêreld bymekaarkom om te sien wat daar hierdie jaar te koop is. Kaartjies vir die openingsaand kos R180 per persoon. Bel 011 482 4259 om jou plek te bespreek.

Bel Clyde by 083 377 6721 vir meer inligting oor die skou

Voyages of discovery

Dié uitstalling van kunswerke uit glas, keramiek en vesel kan nog tot 4 Augustus by die art. B-galery in Bellville gesien word. Die kunstenaars het plantaardige en dierlike vesel, insluitend katoen, papier, wol en selfs draadjies van 'n spinnekopweb in hul kunswerke gebruik. Die materiale is geborduur, geweef, geknoop en gebrei om die kuns te skep.

Bel art.B-galery by 021 918 2301 vir meer inligting

deur HENNELIE TYLDSELEY

Delheim-dagboek

25 Julie, 1, 8, 15 en 22 Augustus
Kaasfondue en lewendige jazz. Kaartjies kos R220 per persoon.

24 September
Nasionale Braaidag. Kom geniet vanaf 12:00 'n braai saam met die hele gesin teen R120 per persoon.

Oktober tot Desember
Hou vanaf 12:00 piekniek langs die rivier. Volwassenes betaal R120 per persoon en kinders R60.

21 November
Anna-stigting se bergfietsresies.

Bel 021 884 4352 vir meer inligting

Musiek vir ons kleintjies

Musiek is 'n wesenlike deel van die mens. Dit is 'n universele taal wat vervleg is met ons ingebore behoefte om te kommunikeer. Dit moet egter aanhoudend vertroetel word om ons ontwikkeling en sosiale vaardighede te bevorder. Vandag se kinders neem nie noodwendig van kleins af aan doelgerigte musiekaktiwiteite deel nie, wat kommerwekkende leemtes in hul vroeë ontwikkeling laat.

Die Suid-Afrikaanse Musiekwaardering- en Ontwikkelingskool het hierdie dilemma raakgesien en 'n eg Suid-Afrikaanse program, Musiek vir ons Kleintjies, vir kinders tussen een en ses jaar ontwikkel. Hierdie terapeutiese musiek- en beweginsgprogram kweek 'n waarderingsvermoë en liefde vir musiek by die kind. Dit verskerp ook die kind se intellektuele, emosionele, sosiale, motoriese en konsentrasievaardighede. Daar is tans 25 musiekskole landwyd. Daar is ook geleenthede beskikbaar om jou eie musiekskool te begin.

Stuur 'n e-pos na musicsa@samusicschool.co.za of besoek www.samusicschool.co.za vir meer inligting

1 gelukkige leser kan 'n Musiek vir ons Kleintjies Tuispakket wen wat jou kind by die huis kan gebruik. SMS VK MUSIEK gevolg deur jou naam en fisieke en posadres voor 28 Julie na 35034. SMS'e kos R3

Cape Town Book Fair

Die Kaapstadse boekeskou vind van 31 Julie tot 2 Augustus by die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum plaas en meer as 45 000 besoekers word verwag. Vanjaar se tema is: "*Where the story begins ...*"

Kaartjies kos R60 par dag vir volwassenes, R25 vir studente en pensioentrekkers en kinders jonger as 13 het gratis toegang.

As daar enige interessante uitstallings, opvoerings of skoue in jou omgewing plaasvind, stuur die inligting na hennelie.tyldesley@absamail.co.za of bel 031 466 4824